## MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 22 JULIE 2026

### KOOP DIE TYD UIT

1. Wat beteken dit om die tyd uit te koop? Kom ons gaan kyk wat die oorspronklike Griekse woord(e) is wat gebruik word.

2. Die woord (ἐξαγοράζω) is *exagorazo* (aktief) en *exagorazomai* (passief). Dit beteken
    a. *ex* – uit
    b. *agora* – (op) die markplein
    c. om tyd uit te koop; terug te koop; die meeste daarvan te maak; of van verlies te red

3. Wat ek dus moet doen is om tyd uit te koop, in ruil dalk vir iets anders. Kom ons kyk waar dit gebruik word:

    a. **Efesiërs 5:16** – Koop die tyd uit omdat die dae boos is. Paulus gee hier 'n rede waarom ons tyd moet uitkoop. Hierdie rede word in die vorige vers aangedui – ons moet wys wandel en die regte ding doen.

    b. **Kolossense 4:5** – koop die tyd uit en wandel in wysheid. Beide verse, aan twee verskillende gemeentes, druk dieselfde gedagte uit.

4. Wat beteken dit in die praktyk?

    a. **Tyd is 'n kosbare en verbygaande kommoditeit**. Tyd wat jy verloor het, kan nie weer ingehaal word nie. Elke periode tyd in hierdie lewe kan net eenkeer gebruik word. Spandeer dus jou tyd op dit wat saak maak.

    b. **Gryp geleenthede aan** en wees wys en op die uitkyk vir geleenthede vir:

        i. genade
        ii. diens
        iii. geestelike groei

        Vir elkeen van bogenoemde drie is daar een ander Griekse woord wat baie betekenis het – *kairos*. Hierdie woord beteken om die regte, kritieke, of beskikbare geleentheid te identifiseer en op te tree, in God se tyd.

    c. **Leef intensioneel**, met 'n doel, in geloof, en wend jou hulpbronne aan vir die groter taak in jou lewe.

5. *Chronos* teenoor *Kairos* – twee woorde met dieselfde basis, maar verskillende betekenisse:

    a. *Chronos* is die woord wat kwantitatiewe tyd aandui – spesifiek, meetbaar (60/24/7/52/365), maar verbygaande. Dit is van hierdie woord wat ons die woord **chronologie** kry – in volgorde van tyd.

    b. *Kairos* is kwalitatief, vir die oomblik in kwantitatiewe tyd, wanneer 'n geleentheid opduik, vir die groter doel, en om die toestand te verbeter.

6. Sien Markus 1:15 (*kairos*); Hand 24:25 (*kairos*); 2 Kor 6:2 (*kairos*); Gal 3:13 en 4:5 (*exagorazo*); en 6:10 (*kairos*) vir voorbeelde waar die woord "tyd" in verband gebring word met *exagorazomai* (die passiewe vorm van *exagorazo*). Bestudeer elke voorbeeld in die konteks waarbinne dit geskryf is.

7. Wat van "Carpe Diem"? Hierdie is 'n Latynse uitdrukking wat beteken "Gryp die dag". Dit druk dieselfde gedagte uit. Kom ons gryp die geleenthede aan wat ons het en hou op om tyd te mors. Niemand sê dat jy nie mag ontspan nie, en soms is dit nodig om te rus en "niks te doen", maar doen dit intensioneel. Wanneer jy egter in die markplein is (die wêreld rondom jou), wees gereed om geleenthede aan te gryp om die evangelie te deel, iemand te help, en diensbaar te wees.

8. 'n Bekende Christen sangeres, Carolyn Arends, het dit as volg beskryf:

| | |
|---|---|
| I know a girl who was schooled in Manhattan<br>She reads dusty books and learns phrases in Latin. She is an author, or maybe a poet<br>A genius but it's just this world doesn't know it<br>She works on her novel most every day. If you laugh she will say<br><br>Seize the day, Seize whatever you can<br>'Cause life slips away just like hourglass sand<br>Seize the day. Pray for grace from God's hand<br>And nothing will stand in your way. Seize the day<br><br>Well, I know a doctor, a fine young physician<br>Left his six-figure job for a mission position<br>He's healing the sick in an African clinic<br>He works in the dirt and writes home to the cynics. He says we work through the night so most every day so we watch the sun rise we can say<br><br>Seize the day, Seize whatever you can<br>'Cause life slips away just like hourglass sand<br>Seize the day. Pray for grace from God's hand<br>And nothing will stand in your way. Seize the day<br><br>Well, I know a man who's been doing some thinking | He's as bitter and cold as the whiskey he's drinking<br>He's talking 'bout fear, 'bout chances not taken<br>If you listen to him you can hear his heart breaking<br>He says one day you're a boy and next day you're dead<br>I wish way back when someone had said<br><br>Seize the day, Seize whatever you can<br>'Cause life slips away just like hourglass sand<br>Seize the day. Pray for grace from God's hand<br>And nothing will stand in your way. Seize the day<br><br>Well one thing I've noticed wherever I wander<br>Everyone's got a dream he can follow or squander<br>You can do what you will with the days you are given<br>I'm trying to spend mine on the business of living<br>So I'm singing my songs off any old stage. You can laugh if you want I'll still say<br><br>Seize the day, Seize whatever you can<br>'Cause life slips away just like hourglass sand<br>Seize the day. Pray for grace from God's hand<br>And nothing will stand in your way. Seize the day |

**WAT LEER JY HIERUIT?**

Jou taak vorentoe is dít: gryp geleenthede aan en leef intensioneel in die tyd wat vir jou beskikbaar is. Jy kan nie dit terugkry wat jy deur jou vingers laat glip het nie, maar jy kan hieruit leer om nie dieselfde fout weer te maak nie. Wat is jy bereid om te ruil vir die tyd wat jy in die plek daarvan kan uitkoop?